Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

OP WATTER DAG IS YESHUA GEKRUISIG?

Is Goeie Vrydag en Opstanding-Sondag die Waarheid?

Nota: In hierdie artikel word die ware Name van die Vader en Messias (Die Gesalfde Een) gebruik, naamlik:

- **YHVH** (die HERE; In Hebreeus יהוה en getranslitereer as YHVH en uitgespreek as Yahuah), en
- **Yeshua Messias** (Jesus Christus).

Hierdie artikel moet ook saam gelees word met die een waar die Paasfees (*Easter*) misleiding bespreek word en wat afgelaai kan word by: Dwaling Paasfees

Miljoene Protestante en Katolieke glo dat Yeshua Messias op `n Vrydag (Goeie Vrydag) gekruisig was en op Sondag (Opstanding-Sondag) uit die dood opgestaan het. Vir bykans 2 millennia vier die kerk Goeie Vrydag en Opstanding-Sondag.

Is dit egter feitelik korrek? Kan ons dit bewys aan die hand van die Skrifte? Dit wat ons glo moet uit die Woord van YHVH bewys kan word. Indien dit nie bewysbaar is nie, is dit 'n mensgeformuleerde leerstelling en instelling. Dan moet gevra word of die Vader daardeur verheerlik word?

Naas die Skrifte is die geskiedenis en die wetenskap nuttig, maar nie noodsaaklik nie, om dit wat YHVH in SY Woord openbaar, te bevestig. Wat leer die geskiedenis ons aangaande die kruisiging van Yeshua en die viering van Pesag? Kan ons die wetenskap ook gebruik om die dag van Yeshua se kruisiging vas te stel?

In die vassteling van die dag van Yeshua se kruisiging, en veral die dag wat Hy uit die dood opgestaan het, is dit belangrik om te verstaan hoe die Skrifte `n dag bereken. Hiervolgens begin 'n dag teen sononder die aand en eindig teen sononder die volgende aand. Hierdie wyse van die bepaling van die dae is gegrond op Gen. 1:5, 8, 13, ens. Volgens Hebreeuse denke word slegs 'n gedeelte van een dag in 'n kort periode van aaneelopende dae van 24 uur as 'n volle dag gereken.

Dit is ook belangrik om te onthou dat volgens die Skrifte word Pesag op die veertiende dag van die eerste maand, bekend as Nisan (ook genoem Aviv of Abib), gedenk. Hierdie

datum is dus volgens YHVH se opdrag soos in Eks. 12:2 tot 6 opgeteken is. Pesag kan dus op enige dag van die week val!!

Om te weet op watter dag die kruisiging en opstanding van Yeshua plaasgevind het, sal ons help om seker te maak dat ons deur ons huidige viering van Pesag ons Vader vereer deur gehoorsaam te wees aan sy onderrig en instruksies, die Torah. Soos in die Misleiding van Paasfees (Easter) bespreek is, moet ons ernstig kennis neem wat in die volgende Skrifte geskryf is: Deut. 7:26; Deut. 12:30 tot 32; Deut. 18:9 tot 14; 2 Kor. 6:16 tot 18 en 1 Pet.1:15 en 16.

Die folterdood en opstandig van Yeshua vorm die basis van die Evangelie (Blye) Boodskap. Daarom moet seker gemaak word of die viering van Goeie Vrydag en Opstanding Sondag wel Skriftuurlik is en nie deur afgodediens besoedel is nie.

Almal is eenstemmig dat Yeshua op die Pesag (die veertiende dag van die maand Nisan) gekruisig was en teen ongeveer drie uur die middag gesterf het. Hy is voor sononder, m.a.w. voor die begin van ‘n nuwe dag, in die graf neergelê. Die vraag is dus op watter dag was die Pesag gevier in die jaar wat Messias, die Gesalfde Een, gekruisig was? Hiervolgens sal ons dan weet op watter dag Yeshua uit die dood opgestaan het.

Wat Leer Die Skrifte Ons

Ons lees in Matt. 12:38 tot 40 die volgende:

Toe antwoord sommige van die leraars van die wet en Fariseërs en sê vir Hom: “Leermeester, ons wil ’n teken van U sien.” Hy antwoord hulle egter en sê: “’n Slegte en hoererende geslag soek na ’n teken en geen teken sal aan dié gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Yonah, want net soos Yonah drie nagte en drie dae in die maag van die vis was, net só sal die Seun van die mens drie nagte en drie dae[7] *in die middel van die aarde wees* (PWL).

Hiervolgens sê Yeshua dat Hy, net soos Jona, *drie dae en drie nagte* in die graf sal wees. Verwys Jona 1:17. Dit sal die teken wees dat Hy die Messias is. Is hierdie drie tydsperiodes van drie dae (lig) en drie nagte (duisternis), naamlik 72 uur, of beteken dit drie dae waar gedeeltes van ‘n dag of nag as ‘n volle dae van 24 uur gereken word?

Indien Yeshua op ‘n Vrydag gekruisig was en op Sondag opgestaan het, is die enigste wyse wat by drie dae uitgekom kan word die siening dat die *drie dae en drie nagte* na een volle dag van 24 uur verwys plus slegs ‘n gedeelte van ‘n dag of nag van twee dae en dat hierdie gedeeltes van elke dag as as ‘n volle dag beskou word. Daar is dan nie ‘n ander wyse om Yeshua se kruisiging op ‘n Vrydag en Sy opstanding op ‘n Sondag te verklaar nie.

Volgens hierdie siening dat Yeshua op ‘n Vrydag gekruisig is, beteken dit dat die verloop van gebeure soos volg uiteengesit moet word [Onthou: ‘n dag strek van sononder tot sononder!]

- **Donderdag na sononder en dus die begin van Pesag:** Yeshua eet die Pesag saam met sy disippels.

- **Gedurende die nag van Donderdag en voor Vrydagoggend:** Yeshua in Getsemane en word in hegtenis geneem.

- **Vrydagoggend (Pesagoggend):** Yeshua voor Pontius Pilatus. Yeshua word gekruisig.

- **Vrydagmiddag (Pesagmiddag):** Yeshua sterf teen ongeveer drieuur. Hy word voor sononder begrawe – voor die begin van die nuwe dag. Hiervolgens word geglo dat Yeshua vir ‘n gedeelte van Vrydag (ongeveer drie ure) in die graf was en word dit as dag een gereken.[1]

- **Vrydag na sononder, begin van die weeklikse Shabbat (Saterdag):** Yeshua is in die graf vir een volle nag en dag – dit is dag twee.

- **Shabbat (Saterdag) na sononder, begin van die eerste dag van die week (Sondag):** Yeshua staan uit die dood op voor sonop op Sondag (Joh. 20:1). Hy was vir ‘n gedeelte van Sondag (ongeveer 12 ure) in die graf – dit is dag drie?!

- **Opsommend:** Yeshua was dus vir een volle dag en die gedeelte van twee dae in die graf. ‘n Totaal van minder as 3 ure (dag een) + 24 uur (dag twee) + 12 ure (dag drie) ‘n Totaal van minder as 39 uur!!

Indien Yeshua wel op ‘n Vrydag gekruisig was en op die Sondag opgestaan het, beteken dit dat Matt. 12:38 tot 40 (die teken van Jona) nie letterlik opgeneem moet word nie!!

Die voorstanders van ‘n Vrydag kruisiging en ‘n Sondag opstanding probeer hulself regverdig deur te beweer dat volgens Hebreeuse siening word die gedeelte van ‘n dag as ‘n volle dag gereken. Hierdie redenasie is om twee redes nie korrek nie, naamlik: Dit kan nooit waar wees of verwys na 'n Shabbat nie aangesien die dag onder reëls en voorskrifte staan wat die volledige dag geldig is en wat nie gedeeltelik kan wees of verkort kan word nie. Tweedens kan dit net in algemene verwysings waar wees en nooit as direk na 'n telling verwys word en veral nie as die dag en nag afsonderlik genoem word nie.

Die woorde van Yeshua in Matt. 12:38 tot 40 moet dus letterlik opgeneem word. Dan beteken dit dat Yeshua vir ‘n tydsperiode van drie dae en drie nagte (72 uur) in die graf was en so die teken van Jona vervul het. Dit is die bevestiginig (teken) dat Yeshua die Messias is. ‘n Kruisdood op Vrydag en opstanding uit die dood op Sondag is derhalwe ‘n

[1] In Matt. 27:57 lees ons egter die volgende: *En toe dit aand geword het…..* Hiervolgens is dit duidelik dat Yeshua baie haastig van die folterpaal afgehaal was kort voor die nuwe dag begin het. Daarom is Yeshua slegs in doeke toegedraai en in die nuwe graf van Josef van Arimathea neergelê. Om dus Vrydag as dag een te reken maak nie sin nie, want Yeshua was beslis korter as drie ure in die graf voor die begin van die nuwe dag teen sononder!

misleiding wat reeds vir eeue deur die kerk verkondig word en deur Christene geglo word. Dit is deel van die Paasfees (*Easter*) misleiding.

Die Waarheid

Wat is die volgorde van gebeure indien Yeshua se woorde letterlik opgeneem word en ons die Skrifte ondersoek oor wanneer die kruisiging plaasgevind het?

Ons lees in Matt. 28:1 die volgende:

En laat ná die sabbat toe dit begin lig word, teen die eerste dag van die week, kom Maria Magdaléna en die ander Maria om na die graf te gaan kyk.

In die Afrikaanse vertalings, soos in vele ander vertalings, word in die teksvers verwys na die enkelfout van Shabbat. In ander vertalings soos byvoorbeeld *Young's Literal Translation; Alfred Marshall's Interlinear Greek-English New Testament; Green's Literal Translatio*n; *Dake's Annotated Reference Bible* en *Ferrar Fenton's Translation* word die meervoud, naamlik *Shabbatte* gebruik.

Matt. 28:1 moet in die lig van die volgende verstaan word: In die ou verbond (die Tanakh) word daar na twee verskillende Shabbatte verwys. Die een is die weeklikse Shabbat wat Vrydag met sononder begin en Saterdag teen sononder eindig. Die tweede tipe Shabbat is bekend as 'n afgesonderde (heilige) gedenkdag (vierdag) en is volgens Levitikus 23 die feesdae wat as 'n Shabbat gedenk word en wat enige dag van die week kan wees. So byvoorbeeld is die eerste en die sewende dag van die Fees van Ongesuurde Brood 'n 'spesiale' Shabbat.

Hiervolgens is dit duidelik dat daar meer as een Shabbat gedurende die week van Yeshua se kruisiging was. Hierdie feit word deur Joh. 19:31 bevestig waar ons lees: *want die dag van daardie Shabbat was groot*. Die dag wat sou volg op Yeshua se kruisiging, met ander woorde op die Pesag, was die Shabbat van die Fees van Ongesuurde Brood wat op die vyftiende dag van Nisan gehou word. Verwys Lev. 23:5 en 6. Volgens Joh. 19:31, en volgens Deut. 21:22 en 23, moes Yeshua se liggaam daarom voor sononder van die kruis verwyder word.

Verdere bevestiging word in Mark. 16:1 en Luk 23:55 en 56 gevind. Volgens hierdie Skrifgedeeltes het die vroue na Yeshua se graf gegaan nadat hulle speserye en salf gekoop en voorberei het, en nadat hulle op die Shabbat gerus het. Na die Shabbat van die Fees van Ongesuurde brood, het die vroue dus speserye en salf voorberei en toe op die weeklikse Shabbat gerus voor hulle vroeg op die eerste dag van die week (Sondagoggend) na die graf gegaan het.

Geen handel mag gedryf, of werk gedoen word, op die weeklikse Shabbat of op die dae wat as spesiale Shabbatte gevier word nie. Die vroue sou dus nie die speserye en salf op die eerste dag van die Fees van Ongesuurde Brood of op die weeklikse Shabbat gekoop en voorberei het nie. Die logiese gevolgtrekking is dus dat daar 'n gewone werksdag

tussen die kruisiging van Yeshua en Sy opstanding uit die dood gewees het wat die vroue die geleentheid gegee het om die speserye en salf voor te berei. Die dag wat hulle dit voorberei het, was dus op ‘n Vrydag, die dag voor die weeklikse Shabbat. Die Donderdag was dus die eerste dag van die Fees van Ongesuurde Brood (15 Nisan), en dus ‘n ‘spesiale’ Shabbat en daarom is dit ook duidelik dat Yeshua op ‘n Woensdag, op Pesag, gekruisig was!

Bedink ook wat in Joh. 12:1 geskrywe staan. Hiervolgens beteken dit dat indien die kruisiging op ’n Vrydag (14e Nisan) sou plaasgevind het, sou Yeshua op Saterdag die 8e Nisan in Betanië aangekom het. Dit beteken dat Yeshua op die Shabbat sou moes gereis het. Dit is in die lig van Eks. 16:29 onwaarskynlik, want dan sou Yeshua die Shabbatsgebod oortree het en dus gesondig het!!

In die lig van bogenoemde kan die ware verloop van gebeure soos volg uiteengesit word:

Dag en tyd	Gebeure
Dinsdag na sononder die begin van Pesag (begin van 14 Nisan).	Yeshua eet ‘n vervroegde Pesagmaal saam met sy disippels.
Gedurende die nag van Pesag (14 Nisan) en voor Woensdagoggend (Pesagoggend)	Yeshua in Getsemane en word in hegtenis geneem.
Woensdagoggend (Pesagoggend)	Yeshua voor Pontius Pilatus. Yeshua word gekruisig.
Woensdagmiddag (Pesagmiddag) voor sononder voor die begin van die Fees van Ongesuurde brood.	Yeshua sterf teen ongeveer drie uur. Hy word voor sononder begrawe – voor die begin van die nuwe dag en dus die Fees van Ongesuurde Brood.
Donderdag. Fees van Ongesuurde Brood (15 Nisan) en dus ‘n ‘spesiale’ Shabbat wat teen sononder eindig.	Woensdagaand sononder tot Donderdag sononder. Yeshua in die graf. **Een nag en een dag**.
Vrydag 16 Nisan – gewone werksdag. Weeklikse Shabbat begin teen sononder Vrydag en eindig Saterdag teen sononder.	Vroue koop en berei speserye en salf voor. Yeshua in die graf van Donderdag sononder tot Vrydag sononder. **Een nag en een dag.**
Weeklikse Shabbat (Saterdag, die 17 Nisan) wat teen sononder eindig.	Vroue rus op Shabbat. Yeshua in die graf, maar staan op uit die dood voor sononder. Vrydag sononder tot Saterdag sononder. **Een nag en een dag.**
Eerste dag van die week (Sondag, 18 Nisan).	Vroue kom by graf voor sonop (Joh. 20:1). Yeshua het reeds uit die dood opgestaan.
Opsommend: Yeshua was dus vir drie volle nagte en drie volle dae in die graf. Van sononder Woensdag tot sononder Saterdag (3x24=72 uur). Die teken van Jona is dus vervul. Yeshua Messias was op ‘n Woensdag gekruisig en het op ‘n Saterdag voor sononder en dus die begin van die eerste dag van die week, uit die dood opgestaan.	

Volgens bogenoemde is dit duidelik dat in die Jaar wat Yeshua gekruisig was, was Pesag op ‘n Woensdag (Dinsdagaand sononder tot Woensdag sononder). Yeshua het dus op ‘n Woensdag (Pesag) aan die kruis gesterf en het op ‘n Saterdag, die weeklikse Shabbat, net voor die begin van die eerste dag van die week, naamlik teen sononder, uit die dood opgestaan.

Wat Leer Die Geskiedenis Ons

Die eerste vraag wat ons moet beantwoord is: Hoekom het die Christendom opgehou om die datum van Pesag volgens YHVH se kalender (die Skriftuurklike metode) vas te stel? Waarom is daar besluit om die datum vas te stel op dieselfde wyse as wat die heidenfees ter ere van Eastre (*Easter*) vasgestel word? Hoekom word die datum wat YHVH self bepaal het, naamlik die veertiende dag van die eerste maand, geminag? Die feit dat die daar afgewyk is van die voorskrifte soos deur die Almagtige self bepaal is, is genoegsame bewys dat Goeie Vrydag en Opstanding-Sondag ‘n mensgemaakte instelling is. Hoe kan ons enigsins dink dat ons die Vader op die wyse kan vereer en aanbid??

Die Roomse Kerk en Protestante bepaal Paassondag as die eerste Sondag na die volmaan wat volg op die Lente-ewening van 21 Maart. Dit is die metode wat gebruik was om die afgodsfees van *Easter* vas te stel.

Die heidense invloed is dus duidelik en is bespreek in ‘Die Paasfees (*Easter)* Misleiding’. Vir volledigheid word die volgende herhaal:

- Ten einde beide die staat en die heidene tevrede te stel, en in ‘n poging tot versoening, het die kerk in Rome begin om sekere heidenfeeste en gebruike binne die kerk toe te laat. Op dié wyse wou hulle alle mense na die kerk lok en hulle akkomodeer. So het die Roomse Kerk tydens die sitting van die Raad van Nicea in 325 na Messias eenparig besluit dat die opstanding van Yeshua op die eerste Sondag na die volmaan wat volg op die lente-ewening gevier sal word. Die volgende aanhaling uit die Kategismus van die Katolieke Kerk onder die afdeling *Die Liturgiese Jaar* (1995, bladsy 332) bevestig dit: *At the Council of Nicaea in 325, all the churches agreed that Easter..... should be celebrated on the Sunday following the first full moon..... after the vernal equinox*.

- Indien die datum van die jaarlikse Pesag op ‘n Skriftuurlike wyse vasgestel word, sal talle Christene `n probleem hê, want *Goeie Vrydag*, die dag wat die meerderheid Christene glo Yeshua gekruisig was, sal selde op `n Vrydag val. Die viering van Opstanding-Sondag word dan ook bevraagteken.

- Selfs die Kerk se rede om die Shabbat met Sondagaanbidding te vervang omrede geglo word dat Yeshua op Sondag uit die opgestaan het, sal nie meer geloofwaardig wees nie. Die Kerk sal dan moet erken dat eeue oue tradisie Skriftuurlik ongegerond is.

- Verdere bewys dat die Roomse Kerk goedkeuring gegee het dat heidenfeeste ver-Christen word is ondermeer die brief wat Pous Gregory I in 601 nC aan die Kloostervoog Mellitus geskrywe het wat in Engeland gaan sendingwerk doen het. In hierdie brief beveel die Pous aan dat die heidense tempels nie afgebreek moet word nie, maar in kerke verander word en dat sekere van die heidense praktyke toegelaat kan word om enige vyandigheid en teenkanting op die wyse to die minimum te beperk: (http://en.wikipedia.org/wiki/Mellitus).

- Dit is bekend dat baie van die oudste kerke in Europa oorspronklik afgodstempels was. Die Vatikaan is byvoorbeeld gebou op die plek waar die afgodstempel van Attis gestaan het. Die beeld van Petrus in die Saint Petrus-katedraal in Rome is die afgodsbeeld van Jupiter wat oorgeneem en *gekanoniseer* en *geheilig* is (C.J. Koster – *Gaan Uit haar Uit My Volk*, p139).

Wat Leer Die Wetenskap Ons

Daar is meningsverskil oor die jaar waarin Yeshau gekruisig was. Kundiges op die gebied is van mening dat dit plaasgevind het in die jare 29 tot 32 na Messias. Die meerderheid is egter van mening dat Yeshua in die jaar 30 gekruisig was.[2]

Met die hulp van rekenaarprogramme, en bereken volgens die stand van die maan en volgens wat gebruik is om die die datum van die Pesag elke jaar vas te stel, was die Pesag in die jaar 30 na Messias op Woensdag, 5 April gevier. (Britse Koninklike Seevaartkundige Almanak en gebaseer op die werk van H.H. Goldstine). Selfs in die jare 29, 31 en 32 na Messais was die datum (14 Nisan) vir Pesag nie op `n Vrydag nie.

Die wetenskaplike berekening stem dus ooreen met wat die Skrifte ons leer, naamlik dat die Gesalfde Een op ‘n Woensdag gekruisig was.

Bevestiging van die datum van Yeshua se kruisiging kan ook afgelei word uit ‘n brief in die Britse Museum wat deur Pontius Pilatus aan die Romeinde Keiser op die 5 April 30 na Messias geskryf was en waarin hy die redes gee hoekom Yeshua gekruisig was. Dit kan aanvaar word dat Pontius Pilatus die brief so gou moontlik na die kruisiging sou skryf, veral vanweë moontlik onrus wat kon ontstaan het na Yeshua se kruisiging. In die lig hiervan maak 5 April as die datum van Yeshua se kruisiging ook sin.

Opsommend

Terwyl daar gedabateer kan word oor die jaar waarin Yeshua gekruisig was, toon alle bewyse dat dit nie op ‘n Vrydag was nie!!

[2] Dit is egter ook ‘n geskiedkundig feit dat Herodus dood is in die jaar 4 voor die tyd wat bereken is as 0. Dit beteken Hy het binne ses maande gesterf van Yeshua se geboorte af. As ons in ag neem dat hy die kinders tot en met 2 jaar laat doodmaak het lyk dit eerder of Yeshua indie jaar 6 voor die jaartelling gebore is? Sou dit korrek wees en volgens Gerrie Coetzee (padlewe@yahoo.com) se maan berekeninge sou die 14 de Aviv (Nisan) in die jaar wat Yeshua gekruisig was, steeds op 'n Woensdag uitwerk en Aviv 1 op die tyd wat die maan sigbaar sou wees en nie donkermaan nie!

Yeshua Messias is op Pesag gekruisig en begrawe en in daardie jaar was dit op ‘n Woensdag. Hy was in die graf gedurende die Fees van Ongesuurde Brood en het teen sononder van die weeklikse Shabbat opgestaan en was dus vir drie dae en drie nagte in die graf. Yeshua het op die Fees van die Eerstelingsgerf, wat begin op die eerste dag van die week(Sondag), met sy eie bloed die hemelse heiligdom ingegaan om ‘n ewige verlossing te bewerkstellig (Heb. 9:12).

Daar bestaan dus genoegsame feite om met sekerheid te sê dat Yeshua nie op ‘n Vrydag gekruisig is nie en dat Hy ook nie op ‘n Sondag uit die dood opgestaan het nie. Die leerstelling en instelling van Goeie Vrydag en Opstandings-Sondag is die gevolg van die invloed van afgodery.

Laat ons dit ernstig ter harte neem wat in Ef. 5:10 tot 17 geskrywe is:.

Onderskei wat voor ons Meester aanvaarbaar is en moet ook nie gemeenskap hê met diensknegte van die duisternis nie, want daar is geen vrug in hulle nie, maar jy moet hulle bestraf, want wat hulle in die privaatheid doen is afskuwelik, selfs om te noem, maar alles word uitgewys vanuit die lig en word openbaar, want alles wat iets openbaar, is lig. Dit word daarom gesê: “Word wakker, jy wat slaap en staan op vanuit hulle wat dood is en Die Gesalfde Een sal jou verlig.” Kyk daarom presies hoe julle leef: eerbaar, nie soos dwase nie, maar soos wyses wat hulle geleenthede uitkoop omdat die dae boos is. As gevolg hiervan moet julle nie dwaas word nie, maar verstaan wat die wil van die Meester is (PWL)

Ons moet beproef wat vir die Vader welbehaaglik is en nie deel hê aan die onvrugbare werke van die duisternis nie, maar dit eerder aan die lig bring. Ons moet strewe om te verstaan wat die wil van Vader YHVH is en dit doen.

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete.
Johan

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.